GAAN KYK WAT DOEN NEVILLE

Instagram is lankal nie meer net vir mense nie. Van die gewildste profiele op dié sosiale platform is dié van bekendes se troeteldiere. Modeontwerper Marc Jacobs se boelterriër Neville spog met meer as 170 000 volgelinge. Neville deel gereeld foto's van sy uitstappies met sy hondevrinne of waar hy model speel vir sy beroemde eienaar, wat self 348 000 volgelinge het. (Die handelsmerk het 3,4 miljoen.) Marc Jacobs is ook bekend vir sy ikoniese vierkantige handsakke en die slangvel-motiewe en goue detail van sy ontwerpe. Is jy 'n *fan*? Probeer sy jongste parfuum, Marc Jacobs Decadence (R1 225 vir 50 ml EDP), wat deur sy handsak-ontwerpe geïnspireer is. By uitsoekwinkels van Edgars en Red Square

Bronne: www.buro247.com, www.nytimes.com

GRAMMY-KOORS LOOP IN SA

Merk 15 Februarie se Grammy-toekenningsaand in Los Angeles op jou moet-kyk-kalender – Suid-Afrikaners kan met twee beeldjies wegstap. Fluitspeler **Wouter Kellerman** is benoem vir Beste Kontemporêre Instrumentale Album vir *Love Language* en die groep **Ladysmith Black Mambazo** vir Beste Wêreldmusiek-album vir *Music from Inala*. Albei het al voorheen gewen.

Bron: *Die Burger*

IN 'N KLAS VAN HAAR EIE

Toe doen hulle dit weer! Die restaurant Mosaic by die private Orient-hotel naby Hartbeespoort-dam het onlangs weggestap met die groot titel: Suid-Afrika se Beste Restaurant vir 2015. Dis ook bekroon as die elegantste restaurant en het die voorsitterstoekenning gekry.

Wendy Alberts, hoof van die Restaurant-vereniging van Suid-Afrika (RASA), het **Chantel Dartnall**, hoofsjef en mede-eienaar, geprys vir haar innovasie, oorspronklikheid en leiding op gastronomiese gebied, en Mosaic beskryf as "in 'n klas van sy eie".

Chantel was al twee keer Eat Out S. Pellegrino Sjef van die Jaar, en Mosaic onder die *Eat Out*-gids se top-5 plaaslike restaurante.

Klink ook 'n glasie op ...

Abrie Beeslaar van Kanonkop buite Stellenbosch – hy is einde verlede jaar 'n tweede keer as die wêreld se Wynmaker van die Jaar aangewys by die Internasionale Wyn- en Spiritualieë-kompetisie se gala-aand in Londen. Distell is as distilleerder vir 2015 aangewys. (Distell se Van Ryn's Distilleerdery op Stellenbosch is boonop kort tevore by die New York Internasionale Spiritualieë-kompetisie aangewys as beste brandewynprodusent en sy James Sedgwick Distilleerdery op Wellington as beste whiskydistilleerdery.) **Bron: *Eikestadnuus***

Aanraking VERANDER DIE WÊRELD

Foto's iStockphoto, Phyllis Green, verskaf

Groter vertroue, 'n sterker immuunstelsel, 'n gesonder liggaam én gees ... dít is alles die gevolg van aanraking. Maar in 'n wêreld van tegnologie raak 'n vertroostende drukkie of 'n bemoedigende hand op die arm 'n skaarste. Aanraking was nog nooit so noodsaaklik nie, het Jane Wurwand, stigter van die velsorghuis **Dermalogica**, verlede jaar by hul kongres in Las Vegas gesê. En een van die min plekke waar jy nog die krag van menslike aanraking kan ervaar, is by 'n professionele velsorgsalon. "Ons bedryf verander letterlik die wêreld met ons kaal hande. Ons raak mense fisiek en emosioneel aan." Dermalogica het pas hul vyfde konsepwinkel (met 'n hele spyskaart skoonheidsbehandelings) oopgemaak, in die Cavendish-winkelsentrum in Kaapstad.

Bronne: www.psychologytoday.com, www.dayspamagazine.com